

Hoofstuk: 3&4VD Paragraaf: 9.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade en die vrye wil is gedeeltelike oorsake wat altwee saam die begin van die bekering bewerk. Die genade gaan in hierdie volgorde ook nie aan die werking van die wil vooraf nie. Dit wil sê: God help die menslike wil nie kragtig tot bekering voordat die menslike wil nie self in beweging kom en daarop besluit nie.				
Die Sinode leer: Die ou kerk het hierdie leer al lankal by die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartigheid is,	1	Romeine 9:16	So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.	Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is.
net so ook: Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? en:	2	1 Korintiërs 4:7	Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?	Wie maak jou so belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie?
Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.	3	Filippense 2:13	want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.	want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.